higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## KRIMINOLOGIE
### NKR VLAK 2

(821022)

**17 November 2022 (Y-vraestel)**
**13:00–16:00**

**Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 12 bladsye.**

450Q1N2217

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 In die 19de eeu het klassieke kriminoloë die wrede bestraffing van misdaad bevraagteken.

1.2 Kriminoloë tree op verskeie maniere met die howe en die regstelsel in interaksie.

1.3 Die kriminoloog is betrokke by al die stappe van die beleidsiklus wat met misdaad, misdadige gedrag en viktimisering verband hou.

1.4 In kriminologie glo ondersteuners van die spanningsteorie dat spanning 'n risikofaktor is wat met die veroorsaking van misdadige gedrag verband hou.

1.5 Twee tipes amptelike misdaadstatistiek is misdaad-slagoffer-opnames en selfaangemelde studies.

1.6 'n Kriminoloog behoort sy of haar kliënt se waardigheid te respekteer, en behoort op grond van ouderdom, geslag, ras, en so meer teen hom of haar te diskrimineer.

1.7 Kriminologie het ten doel om misdaad as 'n maatskaplike verskynsel te bestudeer.

1.8 Suid-Afrika se Grondwet is op 9 Mei 1996 deur die Grondwetlike Vergadering aangeneem.

1.9 Die behoefte om 'n dwelmgewoonte finansieel te ondersteun, kan ook tot sekondêre misdade lei, soos diefstal of dwelmhandel.

1.10 'n Interdik is 'n hofbevel wat die een of ander handeling of aktiwiteit verbied.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 2**

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| tweede; streeks-; geregtelike; persoonlikheid; sewe; positiewe; ses; makro; korrektiewe; negatiewe; mikro; swak; hoë; wisselvallig; versteurings; natuurlewe; bestraffende; artikel; eerste |

2.1 Daar is ... groepe wat as hulpmiddele vir slagoffers van misdaad in die strafregsplegingstelsel kan dien.

2.2 Dit is uiters belangrik om daarop te let dat, in die meeste gevalle, ... nie misdadige gedrag veroorsaak nie.

2.3 ... -sosiale faktore kan met misdadige risikofaktore geassosieer word.

2.4 Die ... fase in die strafregproses is uiters belangrik.

2.5 Misdaad het ’n ... uitwerking op ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika.

2.6 Vriende van ’n persoon met ’n ... selfbeeld sal meer geneig wees om daardie persoon te beïnvloed om by misdadige aktiwiteite betrokke te raak.

2.7 Ouers wat van ’n ... ouerskapstyl gebruik maak, glo in streng reëls en dissipline.

2.8 Gedurende die ... hofverskyning behoort ’n beskuldigde aangekla te word of ingelig te word waarom hy/sy steeds in ’n polisiesel/tronk opgesluit is.

2.9 Ekologiese kriminologie is ’n studie van die ... en omgewingsmisdade.

2.10 ’n ... Hof het appèljurisdiksie en kan as ’n hof van eerste instansie optree.

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 3**

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Om verantwoordbaar of aanspreeklik te wees vir jou optrede in ooreenstemming met reëls of standaarde wat as korrekte optrede gedefinieer word | A | restitusie |
| | | B | predisposisie |
| | | C | onvervreembaar |
| 3.2 | Om iets tot sy vorige toestand te laat terugkeer. Ná skuldigbevinding beveel die hof die oortreder om beskadigde eiendom te herstel, of die slagoffer se eiendom wat die oortreder wederregtelik geneem het, terug te gee | D | genus |
| | | E | positivisme |
| | | F | genetiese |
| 3.3 | Nie in staat om verlore te raak of weggegee te word nie | G | misdaadvoorkoming |
| 3.4 | Mense sal dinge doen om geluk en plesier te bekom en om pyn te vermy | H | formele groepe |
| | | I | etiese verantwoordelikheid |
| 3.5 | ’n Geneigdheid om sekere siektes of karaktertrekke as gevolg van jou genetiese samestelling te ontwikkel | J | spesies |
| 3.6 | ’n Klas, groep of soort wat gemeenskaplike hoedanighede of eienskappe het. Bestaan gewoonlik uit meer as een spesies | K | forensiese dienste |
| | | L | geregtelike proses |
| 3.7 | Staatsorganisasie, NRO’s en gemeenskapsgebaseerde organisasies is in ’n gemeenskap geleë met die doel om ’n spesifieke diens aan die gemeenskap te lewer | M | utilitarisme |
| 3.8 | Wetenskaplike studie van bewysmateriaal op ’n misdaadtoneel, soos vingerafdrukke, bloed en vesels | | |
| 3.9 | Maatreëls wat owerhede, gemeenskappe, ondernemings en individue tref om leiding te neem en misdaad te voorkom | | |
| 3.10 | Die loop van alle verrigtinge in ’n regsaksie wat tot ’n uitspraak lei | | |

(10 × 1) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

### VRAAG 4

4.1 Definieer die term *krimino-etiese.* (2)

4.2 Definieer die term *kriminologie.* (2)

4.3 Noem enige TWEE riglyne wat Afrikaleiers moet oorweeg wanneer misdaadvoorkomingsprogramme saamgestel word. (2)

4.4 Identifiseer die TWEE tegnieke waarvolgens misdadige viktimisasie gemeet word. (2)

4.5 Noem enige TWEE groepe wat as hulpmiddele vir slagoffers van misdaad in die strafregsplegingstelsel kan dien. (2)

**[10]**

### VRAAG 5

5.1 Verduidelik die konsep *onderrapportering van misdaad*. (2)

5.2 Bespreek die beginsel van *stare decisis* wat ons in Suid-Afrika gebruik wat beïnvloed hoe misdadige gedrag bepaal word. (2)

5.3 Beskryf die proses waarna soms as die beleidsiklus verwys word.

**Aantekening aan die leerder:**

- Noem enige DRIE (3) stappe in die siklus vir EEN (1) punt elk
- Beskryf die genoemde stappe vir EEN (1) punt elk (6)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C

## VRAAG 6

Lees die artikel en beantwoord al die vrae.

**Wat moet gedoen word om boeliegedrag in skole stop te sit?**

Emmanuel Mayeza
Op Maandag, 12 April 2021, is Lufuno Mavhunga, 'n 15-jarige aan die Mbilwi Sekondêre Skool in Limpopo, Suid-Afrika, aggressief deur 'n ander leerder by die skool aangerand.

Die video wat die vernederende en gewelddadige aanval gewys het, is op verskeie sosiale media-platforms gesirkuleer. Ongelukkig het Lufuno daarna selfmoord gepleeg.

Gedurende die insident het omstanders (haar skoolmaats) toegekyk, gejuig, gelag, en video's van die voorval opgeneem. Die beweerde oortreder ('n 14-jarige meisie aan dieselfde skool) is sedertdien deur die polisie in hegtenis geneem en van aanranding aangekla.

Die skool sal dissiplinêr optree teen die omstanders wat nagelaat het om Lufuno Lufuno te help en te beskerm. Lufuno se familie glo egter dat die skool nie genoeg gedoen het om haar te ondersteun nadat die voorval by die skoolhoof aangemeld is nie.

Lufuno se viktimisering kon voorkom gewees het.

**Selfmoord: die ergste gevolg van boeliegedrag by die skool**

Lufuno se viktimisering en haar tragiese dood vestig die aandag op die 'plaag', asook die erns van die probleem van boeliegedrag in Suid-Afrikaanse skole.

Skoolgebaseerde boeliegedrag het verskillende gevolge vir almal by die skool, maar slagoffers ly die meeste daaronder.

Die gevolge daarvan om op skool geboelie te word, sluit in die ontwikkeling van sielkundige en emosionele probleme soos hartseer, beskadigde selfbeeld, angs, depressie, en selfmoordgedagtes.

As hierdie probleme nie betyds of toepaslik gehanteer word nie, kan dit tot selfmoord lei. Hoewel Lufuno se viktimisering aan die skoolowerhede gerapporteer is, het die jong slagoffer geen professionele sielkundige berading ontvang nadat sy geboelie is en die video van hierdie voorval op sosiale media gedeel is nie.

Dit blyk dat die slagoffer meestal self die boeliegedrag probeer hanteer het en dat die mense wat daarvan geweet het nie haar beproewing en kommer ernstig genoeg opgeneem het nie.

Kopiereg voorbehou 

**Boeliegedrag is geslagsgebaseer en kompleks: Meisies as slagoffers en as boelies**

Boeliegedrag is ’n vorm van geslagsgeweld. Dit is gegrond op die asimmetriese verhoudings van mag wat in ons patriargale samelewing geld.

Die kerneienskap van sodanige verhoudings is mans en seuns wat gesag, oorheersing, en beheer deur middel van geweld teen meisies, vroue, en vroulikheid uitleef.

Lufuno se viktimisering vestig egter ons aandag op die kompleksiteite van boeliegedrag en geslagsgebaseerde magsverhoudings onder skoolleerders. Hoewel seuns en mans dikwels die plegers van geweld teen vroue en meisies is, is boeliegedrag in skole ’n komplekse kwessie en meisies is nie altyd die passiewe slagoffers van manlike aggressie nie. Sowel meisies as seuns kan slagoffers en boelies word.

Boeliegedrag is ’n uitdrukking van mag, en meisies is ook in staat om mag te betoon deur middel van vorme van geweld teen ander meisies en teen sommige seuns.

Trouens, ’n onlangse studie oor boeliegedrag onder leerders in ’n Suid-Afrikaanse laerskool beklemtoon die kwesbaarheid van jonger seuns met betrekking tot geweld wat deur ouer meisies by die skool gepleeg word. Ons moet derhalwe erken dat die viktimisering van Lufuno deur ’n ander meisie nie iets unieks is nie.

Geslagsverhoudings is dinamies, en ons kan sien dat meisies ook geleer het hoe om geweld te gebruik om mag te betoon en dominansie oor ander leerders in skole af te dwing.

**Wat moet gedoen word om skoolgebaseerde boeliegedrag te staak en te voorkom?**

Terwyl die prosesse van die strafregspleging rakende Lufuno se viktimisering aan die gang is, word effektiewe voorkomingsprogramme ook vereis om boeliegedrag by die skool te staak.

Sulke programme moet ontwerp word met die oogmerk om almal by die skool te bemagtig met vaardighede en kennis oor hoe om boeliegedrag te verhoed, en hoe om toepaslik te reageer wanneer boeliegedrag beleef of aangemeld word.

Om boeliegedrag te beëindig, behoort die skool dit te oorweeg om omstandergedrag te hanteer, die beskikbaarheid van professionele steundienste aan slagoffers van boeliegedrag te verbeter, die kurrikulum aan te pas, en sterker vennootskappe met ander belanghebbendes te vestig.

Alle leerders by die skool moet ingelig word oor die rolle wat hulle kan vervul as aktiewe omstanders wat daartoe verbind is om boeliegedrag te beëindig. Omstanders moet bemagtig word sodat hulle weet wat boeliegedrag behels en in staat is om te sien wanneer dit gebeur en te weet hoe om toepaslik in te gryp om dit stop te sit en die slagoffer te beskerm.

Hulle moet die erns van boeliegedrag en die gevolge daarvan besef, asook dat dit selfmoord insluit.

Kopiereg voorbehou
Blaai om asseblief

Omstanders moet verstaan dat dit ook ’n vorm van boeliegedrag is om ’n video of foto op sosiale media te plaas van iemand wat misbruik word. Omstanders moet ingelig word dat hulle ’n verantwoordelikheid het om enige vorm van boeliegedrag wat hulle by die skool waarneem by die skoolowerhede of hul ouers of voogde aan te meld.

Wanneer leerders boeliegedrag aanmeld, moet skoolowerhede die aangemelde voorval ernstig opneem en toepaslik reageer, veral met betrekking tot ondersteuning van die slagoffer.

Om die risiko te verminder dat slagoffers hul eie lewens neem, moet professionele sielkundige berading so gou moontlik aan die slagoffers gebied word. Die risiko van selfmoord onder slagoffers van boeliegedrag kan egter slegs beduidend verminder word indien behoorlike hulpmiddele en slagoffersteundienste by die skool beskikbaar is.

Die gebrek aan sodanige hulpmiddele en dienste by Mbilwi Sekondêre Skool kom neer op ’n groot risiko dat slagoffers hul toevlug tot selfmoord kan neem. Die skool behoort ook moontlikhede te verken om leerprogramme te ontwikkel wat boeliegedrag op die voorgrond plaas en bewustheid van hierdie ernstige vraagstuk skep. Sulke programme behoort verpligtend vir alle leerders te wees en ontwerp wees om leerders aan te moedig om oor hul ervarings, persepsies en vrees vir boeliegedrag te praat.

Gevolge van boeliegedrag en wat gedoen moet word om skoolgebaseerde boeliegedrag stop te sit en te voorkom, behoort ook deel uit te maak van die onderwerpe vir bespreking binne sodanige leerprogramme.

Die skool kan egter nie suksesvol wees in sy pogings om boeliegedrag te beëindig indien dit alleen optree nie. Die gewelddadige gedrag wat leerders by die skool vertoon, weerspieël in hoë mate die genormaliseerde geweld in huishoudings en gemeenskappe.

Die skool moet dus sterk vennootskappe vestig met ouers, gemeenskappe, die staat, religieuse instellings, en ander relevante belanghebbendes om effektiewe maniere te verken om boeliegedrag by die skool te hanteer.

Die skool moet hierdie verskillende belanghebbendes produktief betrek, en sodanige samewerking moet ook leerders se stemme en perspektiewe insluit oor die vraagstuk van boeliegedrag en hoe om dit te beëindig.

- *Dr Emmanuel Mayeza is ’n Senior Dosent in die Departement Sosiologie, Universiteit van die Vrystaat*

[Bron: https://www.news24.com/news24/columnists/guestcolumn/opinion-what-should-be-done-to-stop-bullying-in-schools-20210421]

6.1 In die lig van die bostaande artikel, identifiseer die risikofaktor wat met die misdaad in die artikel geassosieer kan word. (1)

6.2 Beskryf kortliks die *geïdentifiseerde risikofaktor*. (4)

6.3 Sit die verskillende misdaadvoorkomingsvlakke uiteen volgens die artikel.

**Aantekening aan die leerder:**
- Noem die DRIE (3) vlakke van misdaadvoorkoming en -vermindering vir EEN (1) punt elk
- Beskryf die fokus van elke vlak vir EEN (1) punt elk.
- Gee TWEE (2) voorbeelde vir elke vlak uit die artikel vir EEN (1) punt elk

Altesame TWAALF (12) punte (12)

6.4 Na aanleiding van die artikel, sit die rol van die familie/versorger uiteen om misdaad te verminder of te voorkom.

**Aantekening aan die leerder:**
- Bespreek die rol van die familie/versorger om misdaad te verminder of te voorkom na aanleiding van jou studiemateriaal vir DRIE (3) punte elk.
- Identifiseer TWEE (2) voorbeelde uit die artikel vir EEN (1) punt elk

Altesame VYF (5) punte (5)

6.5 'Gedurende die insident het omstanders (haar skoolmaats) toegekyk, gejuig, gelag, en video's van die voorval opgeneem. Die beweerde oortreder ('n 14-jarige meisie aan dieselfde skool) is sedertdien deur die polisie in hegtenis geneem en van aanranding aangekla.'

6.5.1 Noem die slagoffer se regte volgens die Handves van Regte. (4)

6.5.2 Noem die oortreder se regte volgens die Handves van Regte. (4)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D

## VRAAG 7

Lees die uittreksel uit 'n artikel en beantwoord die vrae.

Suid-Afrika se opname van misdaadslagoffers lewer nuttige insigte op
Meer data beteken beter vermoë om die land se uitdagings te hanteer wat openbare veiligheid betref.
deur Andrew Faull, 4 Januarie 2021

Polisiemisdaadstatistiek bied slegs beperkte insig in die aard van misdaad en geweld. Hierdie probleem is nie eie aan Suid-Afrika nie. Dieselfde geld alle polisiedata wêreldwyd. Om 'n aantal redes word baie misdaad en geweld nooit by die polisie aangemeld nie. Gevolglik kan 'n mens nie slegs op polisiestatistiek staatmaak om ingrypings te ontwikkel om openbare veiligheid te verbeter nie.

Gelukkig bestaan aanvullende metodes waarvolgens misdaad en geweld verstaan kan word. Een hiervan, die slagofferopname, is goed in Suid-Afrika gevestig. 'n Tweede metode wat van gesondheidsdata gebruik maak – die Cardiff-model – is in sy kinderskoene, maar aan die ontwikkel. Suid-Afrika se mees onlangse Misdaadslagofferopname (staatsbestuur, openbare veiligheid en geregtigheid) is op 1 Desember gepubliseer. Hierdie opname verken ervarings en persepsies van misdaad onder Suid-Afrika se bevolking.

In teenstelling met polisiestatistiek, wat slegs misdade verteenwoordig wat by die polisie aangemeld en opgeteken is, stel hierdie opname ons in staat om die persentasie te beraam van alle huishoudings en individue ouer as 16 wat misdaad ondervind. Dit meet ook die tempo waarteen slagoffers die misdade by die polisie aanmeld, en vra hoe veilig mense voel.

Dit kan teenintuïtief voorkom in 'n land met 'n moordsyfer ses keer die globale gemiddeld, maar dit hoef nie te wees nie. Misdaad en geweld is nie in gelyke mate versprei nie. Sommige gebiede en mense is beduidend meer kwesbaar as ander. Terwyl sommige gemeenskappe dus toenemend kwesbaar is vir herhaalde viktimisering, kan andere deur vooruitgang in private sekuriteit, moniteringstegnologie, en buurtsolidariteit beskerm word.

Minister van Polisie Bheki Cele se besluit om kwartaallikse misdaadstatistiek bekend te stel, en die Wes-Kaapse regering se besluit om gesondheidsdata te gebruik om geweld te meet, moet verwelkom word. Wat dit ook al openbaar, beteken data van goeie kwaliteit 'n beter vermoë om probleme beter te verstaan en daarby in te gryp, wat uiteindelik van Suid-Afrika 'n veiliger plek maak.

[Bron: https://issafrica.org/iss-today/south-africas-victims-of-crime-survey-adds-useful-insights]

7.1 Ontleed die tegnieke en sterk punte vir die meting van misdadige gedrag volgens die uittreksel uit die artikel.

**Aantekening aan die leerder:**

- Bespreek die tegnieke vir die meting van misdadige gedrag vir DRIE (3) punte.
- Identifiseer TWEE (2) voorbeelde uit die artikel vir EEN (1) punt elk
- Bespreek die sterk punte van tegnieke waarmee misdadige viktimisering gemeet word. (3 punte)
- Identifiseer TWEE (2) voorbeelde uit die artikel vir EEN (1) punt elk.

Altesame TIEN (10) punte (10)

Kopiereg voorbehou 

7.2 Noem die TWEE (2) beperkings van misdaadstatistiek wat in die artikel genoem word. (2)

7.3 'Ondersteuners van die spanningsteorie glo dat spanning (stres) 'n risikofaktor is wat met die veroorsaking van misdadige gedrag verband hou.'

Staaf die bogenoemde stelling deur stres as 'n oorsaak van misdaad te beskryf. (8)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou